En Van Toe Af

Regtig aangenaam om terug te wees en die broer, pastoor, die getuienis te hoor gee van die genade van God teenoor sy klein dogtertjie. Dis net soos die Here Jesus om sulke dinge te doen. Is beslis.

2 Nou, ons is baie bly, vanaand, om by ons te hê, een van ons gaste hier by die, soos ons dit noem, die biduurdiens op Nuwejaarsaand, 'n goeie vriend van my, Broer Ernie Fandler, een van die bekeerlinge tot die Here Jesus Christus, 'n trofee van genade. Oorspronklik van sy huis in Switserland, dis waar hy vandaan kom. En ek meen, 'n broer daar by hom, waar hulle nou woon in Shawano, 'n Duitser van afkoms, 'n Broer Waters. Ons is bly om hulle vanaand saam met ons te hê.

3 Dan het ons ook vanaand by ons, 'n—'n kosbare broer van die geloof, Suid—Afrika, Broer David du Plessis. Ons is bly om hom ook by ons te hê. En ons is . . . ek en David verwag, of in gebed, en die Here gee ons groot werk saam hierdie komende jaar, in Afrika en verskeie dele van die wêreld. Broer David is nou hier om dit te bespreek en daaroor te bid, van nou af tot Maandag, om te besluit net wanneer en waar, in na—na Afrika, en verskeie dele van die wêreld te gaan. Omdat, Broer David het 'n baie prominente amp met die Pinkster Wêreldkonvensie gehad, en is ook goed bekend met heelwat groot godsdienstige leiers oor die hele wêreld. En was baie invloedryk om te oorreed en te veroorsaak, so ver soos ons nou is, om die liggaam van Jesus Christus bymekaar te bring, vanuit alle denominasies van geloof. Ongeag van watter die (hulle) kerk hulle het, of watter (hulle) merk hulle mee gemerk is. Dis daardie, die Kerk, Wat Christus voor gesterf het.

4 En ek het dikwels daaroor gedink. Was gewoond om die vee baie keer buite in die Weste aan te keer. Ons sou opgaan, Broer David, en daarbuite sit waar hulle die vee aangejaag het deur die omheining, op in die berge, om hulle te voer met die . . . hulle laat wei op die weivelde, die . . . van die woud. Terwyl, die grasvelde onder aan die uitgroei was, natuurlike grasvelde. Dan sny hulle die grasvelde, en voer die vee dwarsdeur die—deur die wintertyd, wanneer hulle te veel sneeustorms was, bo in die berge.

5 En het gewoonlik daar in die saal gesit en die veldvagter dopgehou wat daardie vee deurgelaat het; en elke veeplaas, in die laagte, wat 'n ton hooi kon oplewer. As hulle vyftig ton hooi kon oplewer, het dit beteken dat hulle vyftig stuks vee kon deursit. As hulle 'n duisend ton hooi kon oplewer, kon 'n duisend stuks vee deurgaan. Elke man se koeie het 'n brandmerk gedra. Hulle het die brandmerke dopgehou, natuurlik, die verskillende

veeplase, sodat hulle hul nie sou laat deurmekaar raak nie. En dan wanneer die . . .

6 Die veldwagter, hy was nie so geïnteresseerd in watter soort brandmerke deurgaan nie, want daar was allerhande soorte brandmerke. Maar daar is een ding wat hy regtig moes nagaan; dit was die bloedlyn . . . Hulle moes as Hereford geregistreer wees, of hulle kon nie deur die hek gaan nie. Hulle laat hulle omdraai. Sien?

7 En ek dink dis soos dit by die Oordeel sal wees. Dit sal nie wees watter soort brandmerk ons op ons het nie, maar of die Bloedlyn daar is. Dis die ding wat sal—wat sal tel, die Bloedlyn.

En ek is baie bly om Broer David by ons te hê.

8 En ek sien Broer Estel Beeler was hier net ’n oomblik gelede. Ek het hom sien opstaan, van iewers af. En ander predikers van wie ons graag sal wil hoor, vanaand. En, dan, en ek meen Broer Ruddell—hulle sal kom, want hulle gaan tot middernag bly.

9 Alhoewel, Broer David kan nie tot middernag bly nie. Hy is ’n baie gesogte man, oral. En so gou soos Broer Rodgers gehoor het dat hy hier was, wel, hy gaan iemand stuur en hom daar kry om tienuur. So dit beteken dat hy hier sal weggaan, binnekort, om daar ver in Suid—Louisville te kom.

10 En ek het gedink dit sou aangenaam wees, as dit in orde sou wees met Broer David, as—as ons hom sou kon kry om hierheen te kom en te sê wat op sy hart is, vir ons preek, doen wat die Here ook al plaas. Ons sou almal graag Broer David du Plessis, van Suid—Afrika hoor.

11 Laat ek dit sê. Dat, toe ek in, oorkant in Afrika was, in my groot veldtog wat die Here ons daar oorkant gegee het, was sy broer my tolk, Broer Justus. Ek meen sy naam is Broer Justus. En ’n regte goeie familie mense, is hierdie du Plessis broers. Ek dink daar is . . . Ek skat hulle is almal predikers, so ver ek weet, en miskien vader, ook, wat ’n prediker was. En hulle is van ’n goeie familie mense. En Broer David is ’n man van naam onder al die kerke en denominasies oor die wêreld.

12 En Broer David, ek sou graag wou hê dat jy nou sal kom en met ons praat, of wat God ook al op jou hart geplaas het om te sê. Kom reguit op. En ek is baie bly om aan my kerk voor te stel, vanaand. Dit is Broer Orman Neville, ons pastoor. En aan die kerk, dit is een van my kosbare vriende, en—en medekrygsmanne in die diens van God, Broer David du Plessis van Suid—Afrika. God seën jou, Broer David.

13 [Broer David du Plessis praat. Leë kol op band—Red.] . . . praat. Amen. Ons het almal. Broer David, kom gou terug en kom weer terug na ons. Dis baie goed. Ons is baie bly.

14 Broer David het sommige goed daar gesê, ek wens net ek het my pen gehad, ek kon hul dan neergeskryf het. Maar ek sal altyd "kleinseuns; die kleinkinders" onthou.

15 Wel, ons waardeer beslis die besoek van ons broer. En hy is . . . was die . . . betrokke by die Wêreld Konferensie van Pinkster gelowiges, en 'n groot man in die lyn van sy werk oor die hele wêreld. En ons is bevoorreg, vanaand, om Broer David te hê om met ons te kom praat op hierdie Nuwejaarsaand. En julle kan sien wat groot manne van ons Here dink, van Sy groot dienaar dink.

16 Nou ek meen dat, môre, wat Nuwejaar is, dit is net 'n paar uur nou. En ek moet môre—oggend vroeg weggaan, dus het ek gedink ek sou net 'n klein bietjie praat, as dit reg is by Broer Neville. [Broer Neville sê: "Ja. Amen."—Red.] Broer Beeler, en die ander predikers hier. Sal nie veel van die tyd neem nie. En ek dink, as ons sou "Amen" sê, en huis toe gaan, sou dit 'n wonderlike boodskap wees. En ons kon dankbaar teenoor die Here wees vir wat ons hier het, vanaand.

17 En nou, waar dit Nuwejaarsaand is, onthaal ons net mekaar, deur die Koninkryk van God, en preek, totdat dit Nuwejaar word. En ek het . . . staan baie vroeg soggens op, lank voor dagbreek. En ek is nie so jonk soos David nie. Miskien is ek . . . Miskien voel ek nie so jonk soos hy voel nie. Hy is 'n . . . Natuurlik, David is 'n klein—klein bietjie ouer as wat ek is. Ek dink hy is sewe of agt jaar ouer, miskien tien. Maar hy is sekerlik 'n vuurbal vir God, en reis vyftig duisend myl vanjaar vir die Koninkryk van God. Op sy pad nou om oorkant by Broer Rodgers te preek, en môre om by sommige, iewers anders te wees, en iewers anders, en iewers anders, en weer terug hiernatoe, Maandag. En ek moet hom ontmoet om reëlings te tref vir 'n wêreldwye toer wat nou kom.

18 En ons moet in Afrika wees, het ek vanmiddag verstaan, in Maart, hierdie-—hierdie komende Maart. Ek moet Clayton Sondmore, van die Volle Evangelie Christen Sakemanne ontmoet, hierdie week, of hierdie komende week, eerste deel daarvan, en reëlings vir Jamaika, Haiti's tref. Ek gaan volgende week na Kentucky, of af na Georgia toe, sal daardie byeenkomste daar hou. Kom reguit terug en kom af deur Kentucky, 'n aand hier, en 'n aand daar, en hierdie kerke besoek. En kom net reguit terug huis toe van daar af, en gaan na—na—na Atlantic City, om te begin teen die 27ste tot die 30ste, en vertrek daardie oggend van die 1ste, en begin in—in Kingston, Jamaika, by die re— . . . renbaan, daardie aand, vir 'n tiendaagse byeenkoms daar. En vandaar af aan, dan in na die Haiti's en waar ook al. Ons weet nie waarnatoe om vandaar af te gaan nie, net soos die Here ons sal lei.

19 Nou, dit word nog alles gereël. Sien? Ek het nie ja gesê nie. David is hier, Clayt kom. Gordon, Broer Gordon Lindsay kom, vir Suid—Amerika. En—en die res, die Christen Sakemanne vir die Latynsprekende Amerika. En Broer David is vir Switserland, Duitsland, aan af. Maar ons weet nog nie. Hou julle aan met bid. Ek wil nêrens heen gaan tot God sê gaan nie, en die beste waarvan ek weet nie. Derhalwe, as ek gelei voel om te gaan, wanneer ek dan van die vliegtuig afstap, ek . . . En ongeag wat die teenstand is, kan ek sê: "Ek kom in die Naam van die Here Jesus."

20 Ek was dankbaar teenoor David, die vriendskap wat ons saam gehad het, want die man is 'n baie belangrike man, maar hy—hy—hy glo sekerlik hierdie bediening van die Here. Hy doen dit sekerlik. En—en ons name is nou saam geassosieer oor die hele wêreld, ek en Broer David.

21 En ek is so bly om met 'n man soos dié assosiasie te hê. Maar, vriende, ek waardeer dit. Maar die grootste ding wat ek aan kan dink om assosiasie mee te hê, is Jesus Christus, die Seun van God, daardie groot Een.

22 Nou, Broer Neville en sommige van hulle sal binne 'n paar oomblikke praat, maar ek wil net iets kleins nou uit die Skrif lees.

23 En dis goed, dink ek, op Nuwejaarsaand, om verskillende predikers te sien, en die manier waarop hulle 'n teks benader, en wat hulle sê, ensovoorts. En elke man het sy eie manier van preek. Julle weet, God het ons nie almal dieselfde gemaak nie. Hy het ons verskillend gemaak. Hy het ons verskillend in ons gestalte gemaak. Hy het die wêreld verskillend gemaak, en groot berge, die klein berge, prêries, woestyne, groot wit blomme, blou blomme, en alle verskillende soorte. Hy maak ons net verskillend. Dis al. Hy maak rooikop, en swartkoppe, bruinkoppe, witkop; vet, skraal, lank, o, wat ook al. Sien? Hy net—Hy maak ons net verskillend. God is 'n God van verskeidenheid. En ek hou soort van daarvan. En julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Maar net dieselfde ding die hele tyd? Goeiste! Goeiste! Ek hou hiervan.

24 So laat ons nou in ons Skrifte blaai, na die Boek van Matthéüs, Matthéüs se Evangelie, en begin met die . . . En die 4de vers, wil ek lees vir 'n . . . lees ons 'n teks, die Here wat ons help. Matthéüs, die 4de hoofstuk.

Ek meen, voor ons lees, laat ons bid.

25 Genadige Hemelse Vader, dit is weereens met dankbare harte dat ons hierdie nuwejaar nader. En ons nader U en bring U al ons sorge van die verlede, en vra dat U hulle in die see van vergetelheid sal werp, en ons sondes teen ons nie sal onthou nie. En mag ons nie net alleen op ons geestelike wese let nie, maar in ons . . . mag ons let op ons gemeenskap met U. En vergewe ons

van al ons sondes. En ons vra dat U Gees vanaand met ons sal deel. En as daar enige onrein ding omtrent ons sal wees, Here, neem dit so ver as die ooste van die weste af is. Werp dit in die see van vergetelheid, om nie meer teen ons gehou te word nie, dat ons in hierdie nuwejaar kan gaan, skoon, gewas deur die Bloed van die Lam, en gereed wees.

26 Mag hierdie 1960 die beste jaar wees wat ons U ooit gedien het. Gee ons uitstaande, oorvloedig. Al hierdie byeenkomste wat aan die gang is, Here, wat ons aan dink met Broer du Plessis, en om die wêreld, in Asië in, en oor na Europa, en oral—oral heen. Here, laat dit U wil en U Krag wees wat na hierdie dinge toe sal lei. En as ons te enige tyd van U Goddelike—verordineerde weg sal afwyk, mag die Heilige Gees 'n hindernis in die pad lê en ons verhinder, Here, en ons na die regte plek toe terugdraai. Skenk dit.

27 Seën hierdie klein kerkie, Here. Omtrent, bykans dertig jaar, meen ek, het dit nou hier gestaan, as 'n gedagtenis aan die genade van God, aan 'n nederige volk. Ons bid, Vader, dat U Broer Neville, die pastoor, sal seën. Seën die hele kerk. Seën die trustees, die diakens, die sangleier, die pianiste, en die hele lekedom, elkeen, die Sondagskoolonderwysers, wat ook al nog. Here, mag ons in staat wees om hierdie jaar in die genade van God te groei. En mag ons ledetal tot groter getalle groei, en—en meer genade van U, wat, as wat dit in die jare wat verby is, was. Skenk dit, Vader.

28 Help ons nou soos ons hierdie teks nader, wat ons beoog om te lees, U Woord. En net U, Here, kan interpreteer en ons bid dat U dit aan ons sal skenk, vir die Koninkryk van God se onthalwe. In Jesus Christus se Naam. Amen.

29 Ek kondig nou net aan wat ek vir 'n teks vir die volgende paar oomblikke gekies het. Dit word hier in die Skrif gevind, en ek wil dit lees. Dit word genoem, ek wil dit dít noem: "van toe af."

30 Ek het nie gedink, het ek nou die aand gesê, ek het nie vermoed dat ek sou afkom nie, omdat my keel begin seer word het. En my vrou het gister vir my gesê, of die vorige dag, sy het gesê: "Dan neem ek aan dat jy nie na die kerk toe sal afgaan nie."

31 En ek het gesê: "Skat, ek dink nie so nie. My keel is so seer en rou."

32 En toe, nie meer as daardie aand nie, toe ek gaan sit en die Skrif opgeneem het, het ek Dit raakgeloop.

33 Broer Sothman het verbygekom. Hy het gesê: "Gaan jy môreaand kerk toe kom?"

Ek het gesê: "Ja. Ek sal daar wees."

34 En Meda het omgekyk na my, en sy het gesê: "Ek verstaan jou nie."

Ek het gesê: "Ek verwag nie dat jy sal nie, sien," het ek gesê: "of enigiemand anders nie."

35 Niemand wat deur die Gees van God gelei word, kon ooit verstaan word nie.

36 Ons Here, hulle kon Hom nie verstaan nie. Hy het gelyk asof Hy op een manier praat, een oomblik; en op 'n ander manier, 'n ander oomblik. En iewers anders was Hy oor iets anders aan die praat. Somtyds was dit Jesus, wat gepraat het, die ander kere was dit God wat gepraat het. Sien julle? Selfs die dissipels het daar gesê, uiteindelik, gesê: "Kyk, nou praat U duidelik. Nou verstaan ons." Sien?

37 En Jesus het gesê: "Kan julle verst—. . . En glo julle nou?" Sien, daarna.

38 Jy kan dit net nie doen nie, want jy word deur die Gees gelei. En jy begin iets doen, vind jy uit dat jy sien jy is. . . God wil jou iewers gebruik. Jy moet *hier* ophou en *hiernatoe* gaan, net deur die Gees gelei. Hulle is eienaardige, sonderlinge mense wat 'n lewe het wat julle aan God wil wy.

39 En dan sê ek altyd dit: "Ek sal dit doen, as die Here wil." Sien? As ek 'n belofte aan enigiemand maak: "Ek sal dit doen as die Here wil." Sien? En daarom, dan, as dit nie die wil van die Here is nie. Ek sal. . . Ek sal oor hierdie Boodskap praat as die Here wil. Hy kon my 'n roeping gee, reg in hierdie Boodskap, om na Kalifornië te gaan. Ek sou alles eenkant los en na Kalifornië toe gaan, so vinnig soos ek kon gaan.

40 En ek wil so lewe. Ek wil niks hê wat my bind nie. Ek wil geen groot belangrike iets of anders hê, waar dit miljoene dollars werd is, en jy moet soveel geld elke dag kry, om my te bind nie. Ek wil wees, waar, wanneer God sê: "Ek wil hê jy moet hiernatoe na hierdie mense toe gaan. Daar is net vyf van hulle. Maar gaan daarnatoe, en bly daar tot Ek jou sê om te gaan." Ek wil daarnatoe gaan. Het geen verpligting nie, net. . . en as Hy my oorsee wil laat gaan.

41 Nou hier is dit, pas genoem, gaan na Duitsland, of na—na Afrika. En een of ander miljoenêrsvrou, net die tyd toe die Gees dit op my gesit het om Afrika toe te gaan, het sy gesê: "Ek sal die reis borg en elke stukkie daarvan betaal." Sien? Dis al. Waarom sou ek my oor geld en dinge bekommer, as my Vader alles daarvan besit? Sien? Hy kan net met hierdie ryk man praat, of daardie ryk man, of hierdie mense, of daardie mense, en onnodig om my daaroor te bekommer. Sien? God sorg net vir alles.

42 Broer Roy, dis hoe om te lewe. Laat Hom net daarvoor sorg. Dis so goed.

43 Laat ons nou in ons Skrifte blaai, na die 4de hoofstuk. En laat ons begin om te—te lees, van die 12de vers van die 4de hoofstuk van die Evangelie volgens Matthéüs.

En toe Jesus was. . .en *hoor dat Johannes in die gevangenis gesit was, het Hy na Galiléa teruggegaan.*

. . .Hy het Násaret verlaat en gaan woon in Kapérnaum aan die see, in die gebied van Sébulon en Náftali,

sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het:

Die land Sébulon en die land Náftali, na die see toe, oorkant die Jordaan, Galiléa van die heidene;

die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die lande van die *skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan.*

Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

44 Ek wil oor die onderwerp: *En Van Toe Af*, praat. Julle weet, as mense, dink ons almal aan dinge van 'n sekere tyd af. So—en—so 'n ding het plaasgevind, en van toe af. En nou, baie keer, kom jy 'n ou man of ou vrou tee, en hulle hou daarvan om na 'n tyd te verwys dat iets plaasgevind het, wat hulle duidelik kan uitwys en sê: "Dit was van toe af."

45 Nou, ek veronderstel daar is feitlik almal van ons hier, vanaand, wat kan herinner word, herinnering aan sekere dinge wat 'n sekere tyd plaasgevind het. Van toe af, het iets verander. So—en—so 'n ding, dit het toe gebeur. En van toe af, was dit anders. En dis 'n goeie ding dat ons kan. En sommige van daardie herinneringe, van dinge waaraan ons dink, is dinge wat dit werd is, wat verander het. En daar is sommige dinge wat nie juis werd is om aan te dink nie.

46 Byvoorbeeld, as die vrou van slegte reputasie, dat sy gesê het: "Daar was 'n tyd dat ek 'n goeie, regverdige, morele meisie was. En op 'n sekere aand, of 'n sekere plek, het 'n sekere ding plaasgevind." En van toe af, was sy op die verkeerde pad. Haar lewe is deur sonde bederf, en donkerte en duisternis, en net oordeel wag op haar. Maar sy kan van daardie sekere tyd af onthou, dit het gebeur toe sy die verkeerde pad gevat het.

47 Die—die dronk man, vanaand, op die strate, wat sy smarte probeer wegdrink. Jy kan hom optel. Soos toe ek hier op die bowrie was, 'n tyd gelede, in New York, die groot sentrum van die dronkmense. Ek het saam met 'n sekere prediker gestap. En daar het 'n man gelê, o, net baie mans, onskadelik, hulpeloos, met die voorste van hulle klere heel nat gelê, en—en hul baarde oor hul gesigte, en net in 'n vreeslike toestand. En hulle was volkome onskadelik.

48 En hierdie prediker het gesê: "Tel daardie een op, en vra hom net."

49 En ek het na hierdie man toe gegaan wat met een voet oor die buffer van 'n motor gelê het, en sy kop het onder op die pad gelê, en waar hy by tye nie in staat was om—om—om te gaan, na die ruskamers nie. O, hy was net in 'n vreeslike toestand. En ek het hom beetgekry, en ek het gesê: "Kan jy praat?" En hy wou my nie antwoord gee nie.

50 Toe kom die prediker soontoe. Hy het beter geweet hoe om met hom te werk. En hy het hom gevra: "Wie is jy?"

51 En uiteindelik het hy hom genoeg opgewek, tot hy kon sê: "As jy my 'n drankie sou koop!" En het uitgevind, hy kon sy vinger wys na die bank waarvan hy vroeër die president was.

52 "Wel," het hy gesê: "ons is predikers. Kan jy my vertel wat plaasgevind het?"

"As jy my 'n drankie belowe!"

53 Wel, ons kon dit nie doen nie. Ek het gesê: "Ek kan nie smart by jou smarte voeg nie. Ek wil jou help."

54 Sy hele storie. Hy het een aand huis toe gekom, en daar was 'n, wat hy 'n "Liewe John" brief genoem het, op die—die tafel, wat sy vrou vir hom gelos het. En het. . . Hy het haar liefgehad. En sy het sy kinders geneem. En hy is geskei, en sy het met 'n ander man weggeloop. En hy het gesê: "Ek het nie geweet wat om te doen nie, om my harsings weg te blaas, of wat om te doen nie. Dus ek—het ek na die kroeg toe gegaan. En van toe af, daar was hy. Dis oral oor die wêreld heen.

55 Die leuenaar. Jy kan een neem, soos ek vir 'n man nou die dag gesê het, wat ek gedink het grappe vertel het. En om uit te vind, dat, hy soveel leuens vertel het totdat hy hulle regtig geglo het, self. En ek het gesê: "Wat laat jou dit doen?" En ek het gaan sit om met hom te praat. Ek het gesê: "Ek wil jou vra. Daardie stories is te erg vir mense om te glo."

56 Hy het gesê: "Die eerste een wat ek ooit kan onthou om te vertel." Hy het gesê: "Ek was 'n klein seuntjie wat in 'n goeie huis grootgemaak is." En hy het gesê: "Ek het uitgegaan en mieliepapier sigarette gerook, net om slim te wees. En ek het bietjie koffie geëet, om dit van my asem af te kry." En hy het gesê: "Ek het dit agter die ou skoorsteen, agter die huis gedoen." En hy het gesê: "Ek sal nooit vergeet nie, toe moeder my gevang het, en vir my gesê het: 'Seuntjie, laat my jou asem ruik.' En ek het my asem in haar gesig geblaas, en sy het gesê: 'Jy het koffie geëet om iets van jou asem weg te neem. Wat het jy gedoen? Het jy sigarette gerook?'"

57 En hy het gesê: "Iets het my gesê om haar die waarheid te vertel." Hy het gesê: "Maar ek het gesê: 'Nee, mamma. Ek kruis my hart. Ek het nie sigarette gerook nie.'" Hy het gesê: "En van toe af, dít het dit begin."

58 Ons kan almal iets vind wat—wat op ’n sekere tyd begin het. En van toe af aan, was dinge verander. En daar is ander dinge wat dit werd is, waaraan ons kan dink. Manne met goeie bedoelings het probeer om dinge opnuut te begin, om dinge op ’n sekere tyd te doen.

59 Byvoorbeeld, toe elektrisiteit eerste deur Benjamin Franklin uitgevind is, en hulle in staat was om dit te bemeester. Hulle het begin sê: “Van hierdie tyd af, sal daar nie meer oorloë wees nie. Want, aangesien hierdie elektrisiteit in heinings gesit kon word, met so ’n hoë spanning, dat niemand daaroor kon gaan nie.” Hulle het goed bedoel.

60 En net na die Eerste Wêreldoorlog, toe—toe Kaiser Wilhelm die vredesverdrag onderteken het. Ons is hier in Amerika vertel. Ek was ’n seun van omtrent nege jaar oud. Maar ek kan onthou van die mense wat almal gesê het: “Ons sal nooit nog ’n oorlog hê nie. Van hierdie tyd af aan, is dit afgehandel, vir altyd.” Maar ons het nog ’n oorlog gehad.

61 En toe die groot V.V. Of, ek moet sê, voor dit, het hulle wat die Volkebond genoem was, gevorm. En hulle het gesê: “Nou sal ons geen oorloë meer hê nie, want ons het ’n Volkebond wat die wêreld sal patrolleer. En as daar ’n oproer iewers is, sal hierdie manne van elke nasie soontoe gaan en die wêreld poliseër.” Maar dit was ’n mislukking. Hulle het reguit aangegaan met oorloë. En die V.V. sal dieselfde ding word.

62 Ons word nou vertel deur ’n voorspelling dat môreaand of Sondagaand. . . Dieselfde man wat Pearl Harbor voorspel het, tot op die presiese oomblik dat die—die vliegtuie dit sou bombardeer, het gesê, dat: “Sondagaand teen twaalfuur, dat vyf—en—sewentig persent van die Amerikaanse volk sal as word, dat Rusland die Verenigde State sal bombardeer, hierdie komende Sondagaand om twaalfuur.” Dieselfde man wat Pearl Harbor voorspel het. Hulle het dit nie bekend gemaak nie, want mense raak paniekerig. Ek glo dit nie. Sien? Nee. Omdat, dit kan nie atoomoorlog verduur nie. Een van hulle s’n deur die klankgrens gaan, *hierdie* kant toe, sal ons hulle *daardie* kant toe gooi, en die wêreld sou tot niet gaan. Iets moet nog gebeur, voor Jesus kom. Dis reg.

63 Byvoorbeeld, die jonk getroude paar. Daar was ’n sekere tyd wat hulle getrou het. En hulle—hulle het hul geloftes bymekaar gevoeg. En hulle het, een tot die ander, hul getrouheid gesweer. En hulle het gesê, dat: “Ons sal mekaar liefhê, eer en koester, so lank soos ons albei lewe.” Maar daar kom ’n tyd dat iets gebeur het.

64 Al hierdie dinge daar, daar is ’n tyd toe iets gebeur het. En miskien het al hulle geloftes, en die volkebond ensovoorts, miskien goeie bedoelings gehad, maar almal van hulle het tot ’n einde gekom. Alles het verkrummel onder die—die—die voete van

die mens. Met die goeie bedoelings wat ons kon hê, maar alles moet tot 'n einde kom.

65 Maar daar is 'n tyd dat waar die mens tot iets kan kom wat Ewig is. Dis wanneer, 'n mens, die tyd dat die mens God ontmoet. Dis wanneer iets wat Ewig is, plaasvind.

66 Ons maak ons foute. En ons lê ons geloftes Nuwejaarsaand af, om dit net die volgende dag te verbreek. Ons blaai nuwe blaaie om, en ons wys ons geloftes toe. En ons gaan na priesters en . . . Ons doen dit nie, maar Katolieke wel. En doen belydenisse, en onderteken ondernemings, en ons kom na die altaar en blaai nuwe blaaie om, maar alles tevergeefs. Want, die volgende keer dat iemand ons pad kruis of iets, sal ons maar weer daardie ou humeur verloor. Elke keer wat ons in die moeilikheid kom of iets, sal dit weer gebeur.

67 Maar daar is 'n plek waar 'n man kan kom, tot by 'n tyd, wat hom vir altyd, vir Ewig sal verander. "Hy wat na My toe kom, sal Ek nooit uitwerp nie," het Jesus gesê. 'n Man kan tot God kom, en sy hele Ewige bestemming is verander. En 'n man kan God ontmoet, en hy kan nooit weer dieselfde wees nie. Jy kan nie God ontmoet en ooit dieselfde persoon bly wat jy was nie. As jy van Hom af wegdraai, sal jy 'n erger persoon wees as wat jy ooit was. As jy Hom ontvang, het jy Ewige Lewe, en Hy sal jou op die laaste dag opwek, deur Sy belofte.

68 Daar was 'n tyd toe daar 'n man genaamd Abraham was, wie gekom het uit die Chaldeërs, en hy het gewoon in die stad Ur. En hy was net 'n man, 'n goeie man. Miskien, dalk het hy . . . Sy vader het dalk afgode aanbid, want hulle het van Babilon gekom. En hy was net 'n gewone man, en hy het oud geword. Hy was vyf—en—sewentig, en sy vrou was vyf—en—sestig.

69 En Abraham, eendag, toe hy miskien uit was in die veld, gejag of wat hy ook al gedoen het, bessies gepluk, of wat sy werk ook al mag gewees het, het hy God ontmoet. En van daardie tyd af, is hy verander. Hy kon dinge wat nie was nie, noem asof hulle was, omdat hy God ontmoet het. Hy het die minuut en die uur geweet dat hy God ontmoet het. Dit het hom verander. En God het hom geroep om die vader van baie nasies te wees. En het God geglo en het Sy beloftes geglo, omdat hy God ontmoet het. Vyf—en—twintig jaar later, het hulle bespreek, hom probeer bespreek, hom vertel hy het geglo iets was verkeerd. Maar die Bybel het gesê: "Hy het sterker geword die heeltyd, en God geprys." Want, hy het geweet dat God die belofte moes hou.

70 Dis wanneer 'n man God ontmoet. Dit verander sy samestelling. Dit gee hom 'n super sintuig. Soos ek gepraat het die ander aand, die natuurlike mens het net die vyf sintuie. Maar, die gelowige, wanneer hy God ontmoet, kry hy iets anders. Dis 'n super sintuig wat hom oplig bo die skaduwees. Dit laat hom dinge glo wat onmoontlik is om te gebeur. Hy glo steeds hulle

sal gebeur, want God het so gesê. Wanneer ’n man God ontmoet, vind iets plaas.

71 Daar was ’n tyd toe ’n man opgelei was in al die wysheid, al die teologie van die Woord van God. Hy het Dit geken volgens die letter. Hy is opgelei. Hy het al die grade gehad. Hy was so slim, totdat hy die Egiptiese studente en hulle leermeesters kon onderrig. Hy het dit alles geken, volgens die letter. Maar ’n lafaard daarmee saam, wat gehardloop het, uitgegaan het aan die agterkant van die woestyn, en skape opgepas het vir ’n vreemdeling. Maar daar het ’n tyd gekom dat toe God hom daar ontmoet het, in die brandende bos. En van daardie tyd af aan, is Moses verander, want hy het God ontmoet in ’n brandende bos. En van aangesig tot aangesig met God, kon hy nie meer dieselfde wees nie.

72 Wanneer ’n man of ’n vrou. . . Ek gee nie om hoeveel geloftes jy maak nie, of hoeveel nuwe blaaie jy omblaai nie. Totdat jy God ontmoet, kan jy nie verander word nie. Maar wanneer jy eenmaal God ontmoet, dan word jy vir altyd verander.

73 Het nie net vir Moses verander nie. Dit het Israel verander. Dit het Egipte verander. Dit het die wêreld op daardie tydstip verander, omdat een man God ontmoet het en Hom op Sy Woord geneem het.

74 Wat ons vandag nodig het, is vir iemand om God te ontmoet, van aangesig tot aangesig, en met Hom te praat, die situasie. Wanneer mense God ontmoet, verander dinge. Beslis. Dis die enigste manier waarop ons dinge kan kry.

75 En van daardie tyd af aan, is Moses die lafaard, Moses die een wat gehardloop het, verander. En van daardie tyd af, het hy ’n dienaar van die Here geword. Dit werk altyd op daardie manier. Wanneer ’n mens God ontmoet, word dinge verander.

76 Daar was eenkeer ’n klein meisietjie, nie ouer as agtien jaar oud nie, of miskien nie so oud nie, wat op haar pad was na ’n put een oggend, om ’n emmer water te kry, onder in Násaret. Sy was ’n gawe klein meisietjie. Sy het geglo. Sy het geloof gehad. Maar, daardie môre, het sy God ontmoet. En God het haar iets vertel, en sy het dit geglo. En dit het die hele lewensloop vir die vrou verander. En maak haar onsterflik. Haar naam was Maria, die moeder van ons Here Jesus. Die klein dametjie was net ’n gewone klein meisietjie, maar sy het God ontmoet. En van daardie tyd af, het iets gebeur. Beslis.

77 Daar was ’n man met die naam van Petrus, ’n ou rowwe visserman, waarskynlik net so rof soos hulle kon kom. En hy was waarskynlik ’n yslike groot paaiboelie. Omdat, hier ’n tyd gelede, het ek die toneelstuk gesien, genaamd: “Die Groot Visserman.” Ek het gedink dit was ’n baie goeie beskrywing van Petrus, omdat hy so ’n ou groot rowwe kêrel was. Hy het vir niks omgegee nie. Hy het kwalik enigiets geglo. Maar, eendag, het hy God ontmoet.

En van daardie tyd af, is hy verander. Van daardie tyd af, het hy 'n apostel van die Here Jesus Christus geword.

78 Soos Broer David du Plessis ons vertel het 'n rukkie gelede, omtrent Saul van Tarsus, 'n moordenaar, wat die jas van die moordenaars vasgehou het, daardie, en gesien het, en getuig het van die dood van Stefanus, die martelaar. Hy het briewe in sy sakke gehad, om af te gaan na die—die hoof raadslede van die kerke, en die mense te arresteer wat te veel geraas gemaak het, geskree het, en God geprys het. Hy was 'n belangrike man in die oë van die Fariseërs. Hy was 'n Fariseër van die Fariseërs. Maar, eendag, was hy op sy pad na Damaskus, en hy het God ontmoet. 'n Lig het rondom hom geskyn. En van daardie tyd af aan, was hy nie meer Saul van Tarsus nie. Maar hy was Paulus, die nederige, die sagmoedige, omdat hy God ontmoet het, en Dit hom verander het.

79 Daar was 'n melaatse wat by die hek gelê het. Al die geneesmiddels van die medisynes kon hom nie genees nie. Sy verrottende sere het so groot geword totdat sy hande nie meer kon oplig nie. En sy voete, hy kon hulle kwalik voortsleep. Sy geval was hopeloos. Maar hy het God ontmoet, eendag, toe Hy by die hek uitgekom het. En hy het neergeval en aanbid, en gesê: "As U wil, kan U my reinig."

80 En Hy het gesê: "Ek wil. Word gereinig." En van daardie tyd af, het hy nie enige melaatsheid meer gehad nie, omdat hy God ontmoet het.

81 Daar was 'n blinde man wat langs die pad gesit het. En hy kon nie die daglig van die duisternis onderskei nie. Daar was niks wat hom kon help nie. Eendag, het Iemand uit die stad van Jerigo uitgeloop gekom, en toe hy God ontmoet het; en van daardie tyd af aan, kon hy sien. Hy het sy sig ontvang. Die sig van lig het sy oë binnegekom, en hy kon weer sien. Omdat, van daardie tyd af, toe hy Jesus ontmoet het, was hy 'n ander mens. Hy het sy sig gehad.

Wanneer 'n persoon God ontmoet, gebeur iets definitiefs.

82 Daar was 'n jong man, eenkeer; sonder twyfel, 'n goeie burger van die land, maar betowerings het oor hom gekom. En hy was so erg, totdat die gevangenis hom nie kon hou nie. En hulle het hom met kettings vasgebind. En hy het 'n legioen duiwels gehad, in hom, totdat hy die kettings kon breek en homself bevry. En die duiwels het hom gedryf na 'n begraafplaas, waarbinne hy gewoon het. En hy het die stene geneem en, so wreed geword, hy sou homself sny. O, hy was 'n verskriklike kêrel. Wanneer daardie betowerings hom sou verlaat, sou hy sonder twyfel dink: "Wat maak ek hier?" En omtrent daardie tyd, sou die duiwels weer na hom toe kom, en hom sny en hom skeur. Maar, eendag, het hy Jesus ontmoet. En van daardie tyd af aan, het die besetene van Gadarra sy regte verstand gehad, geklee, aan Sy voete gesit.

Hy kon teruggaan huis toe, as ’n heer. Hy kon teruggaan na die beskawing. Hy kon teruggaan na sy geliefdes, en kon sê: “Van daardie tyd af, is ek verander.” Ja.

83 Was eendag oorkant op Golgota, toe God en die dood ontmoet het, van aangesig tot aangesig, toe die Lewe en die dood bymekaar gekom het. Maar dis toe die Lewe, Christus, die angel uit die dood getrek het. En van daardie tyd af, het die dood geen angel meer daarin nie. Ek is so bly daarvoor. God! Die dood en God het mekaar ontmoet. Die dood was nie weer dieselfde nie. Dit het nou glad geen angel meer nie. Die Christen gelowige kan reguit in sy aangesig inloop en sê: “O dood, waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning?” Hoekom? Hulle het albei God ontmoet. Hulle was van toe af nie weer dieselfde nie.

84 Geen mens kan dieselfde wees nie, niks kan dieselfde wees, wanneer dit eenkeer God ontmoet nie. Jy sal nooit weer dieselfde wees nie.

85 Ek kan onthou toe ek hier op die hospitaalbed gelê het. Die dokters het my drie minute gegee om te lewe. My hart wat klop, sewentien keer per minuut. Ek het God ontmoet. Sedertdien, was ek nie dieselfde nie. Iets het met my gebeur. Niemand kon my enigiets anders vertel nie. Bill Branham het gesterf. Ek het God ontmoet, en Iets het in my ingekom. Ek was nooit dieselfde van daardie oomblik af wat ek Hom ontmoet het nie. Hy het my verander. Hy het my iets anders gemaak. Ek het nie ’n Nuwejaarsgelofte afgelê nie, maar ek het God ontmoet.

86 Manne en vroue, wanneer julle God ontmoet, word julle verander. Ons maak ons Nuwejaarsgeloftes vanaand; gaan môreoggend terug, om hulle te verbreek; volgende dag, om hulle te verbreek. Maar wat ons nodig het om te doen, is nie ’n Nuwejaarsgelofte nie, maar ons het nodig om van aangesig tot aangesig met God te kom, en die Ewige Lewe te hê, gebore te wees uit Sy Gees.

87 Was ’n ou man, eenkeer, en hy kon nie besluit nie. Die duiwel het hom bly slaan daaruit. Eendag, buite in die veld, het hy neergekniel om te bid. Terwyl hy gebid het, het hy ’n pen ingeslaan. Hy het gesê: “Laat hierdie ’n gedenkteken wees. Satan, as jy ooit weer na my toe kom, sal ek jou wys na hierdie pen. Ek sal jou vertel dat ek God net hier ontmoet het, en dat dit afgehandel was van hier af aan.” Dis wat ons nodig het, miskien nie ’n pen in ’n veld nie, maar iewers, ’n sekere geheime kamer, een of ander plek. Nie ’n . . .

88 O, vanaand, sal daar honderde geloftes afgelê word, duisende van hulle afgelê word. En volgende jaar sal ons hulle almal, weer oor moet aflê. Ons sal sê: “Ons sal ophou lieg. Ons sal ophou *dit* doen. En ons sal ons humeur ter syde stel. Ons sal meer vir God doen. Ons sal *hierdie*, *daardie*, of die *ander* doen,” net om te vind, dit tevergeefs.

89 Wat die mens moet doen, vanaand, is om van aangesig tot aangesig met God te kom. En van dan af aan, is hy 'n veranderde skepsel. Halleluja! O, ek wens ek kon dit vertel op die manier waarop ek dit glo. Maar wanneer 'n mens God ontmoet, is hy verander, van daardie oomblik af, die res van sy dae. Hy sal nooit dieselfde wees nie, want hy het die Ewige Lewe. Hy's 'n nuwe skepsel. Ou dinge het verbygegaan, en alle dinge het nuut geword vir hom. Hy lyk nuut.

90 Die siek man kan oploop in die aangesig van God, wanneer die dokter gesê het: "Hy gaan sterf." Maar hy kan oploop in die aangesig van God, en sy saak bepleit. En hy sal weggaan, 'n ander persoon, en van daardie tyd af aan.

91 O, ek onthou Kongreslid Upshaw, wat in 'n rolstoel gesit het vir ses—en—sestig jaar. Daardie aand, oorkant in Kalifornië, toe die Heilige Gees neergedaal het, en begin praat het, het hy God ontmoet. En van toe af aan, kon hy sonder sy krukke loop.

92 Ek het die tyd gesien toe kanker—verteerde mense gelê het, met niks behalwe 'n skaduwee nie. En die dokters sou verbygaan en gesê: "Hulle is weg." Hulle geliefdes vergader, om die laaste woorde te sê wat hulle kon, aan hulle, aanmoediging. Maar hulle het God ontmoet, en, van daardie tyd af aan, is hulle verander. Hulle lewe anders.

93 Ek kan die vuil vrou, oorkant op die straat sien. Ek kan die dronkaard, oorkant in die steeg sien. Ek kan die skynheilige, oorkant in die kerk sien. Al daardie verskillende soort mense, elke nuwe jaar, wat 'n nuwe blaai omblaai, en iets anders probeer doen, om te vergoed en sovoorts te doen. Laat hulle God ontmoet, eenkeer, en van dan af aan.

94 Jesus het gepreek aan hulle van toe af aan, wat gesit het in die lande van die skaduwee van die dood.

95 En ek het gesê, vanaand, as 'n man 'n ware verandering oor hom wil laat kom, laat hom van aangesig tot aangesig met God kom. En Hom eenkeer ontmoet, dan kan hy sê: "Van toe af aan, van daardie tyd af aan, was ek 'n veranderde man. Ek weet deur ondervinding."

96 Binnekort, sal die kerk hier vergader om die altaar. Julle sal julle lewens, opnuut toewy. Julle sal dinge opgee, en dinge op die altaar lê. Broer, laat ek jou bietjie raad gee. As jy nooit God ontmoet het, van aangesig tot aangesig nie, laat ek jou iets vertel. Bly jy by daardie altaar. Bly net daar totdat jy God ontmoet, dan kan jy jou vinger terugwys na daardie Nuwejaarsaand. Nie, en sê: "Ek het 'n nuwe bladsy omgeblaai. Ek het 'n nuwe gelofte afgelê," nie. Maar: "Van daardie tyd af aan, het ek God ontmoet. En lewe was verander, en dinge was anders. En alles het nuut geword, vir my, weer, van daardie tyd af aan," die tyd wat jy God ontmoet.

97 Dit is nie, 'n Nuwejaar ontmoet nie. Ons gaan dit in die gesig staar, binne 'n paar minute. Naderhand, omtrent twee— en—'n— half ure, reken ek. Miskien minder as dit. Ons sal 'n Nuwejaar ontmoet, van aangesig tot aangesig. Ons sal dit ontmoet met geloftes. Ons sal dit ontmoet met beloftes. Ons sal dit ontmoet met goeie bedoeling. Ons sal dit ontmoet, en sê: "Ons sal 'n nuwe blaai probeer omblaai. Ons sal anders probeer maak." Dis alles goed. Ek waardeer dit.

98 Broer, dit sal nooit Ewig wees, totdat jy God, eers ontmoet nie. Wanneer jy God eerste ontmoet, en, van dan af, sal alles anders wees.

Laat ons bid wanneer ons ons hoofde buig.

99 Here Jesus, Seun van God, ek onthou die tyd toe ek U ontmoet het, Here. Ek onthou, 'n miserabele ellendeling, wat 'n goeie morele lewe gelei het, nie rondgehardloop het, gedrink of gedobbel, of gerook, of sovoorts nie. Maar ek het geweet, Here, toe die dood opgekruip gekom het in daardie hospitaalkamer, omtrent twintig jaar gelede, daar was iets wat kortgekom het in my lewe. Daar het ek God ontmoet, en van daardie tyd af. En van daardie tyd af, Here, het ek U probeer dien. My lewe is verander en alles lyk anders. Ek is so bly dat ek U ontmoet het, Here. En vanaand, met die Nuwejaar voor my, is ek bly om te sê dat ek dit in die gesig kan staar met die Gees van die lewende God in my hart.

100 Gee ons ondervindinge, Here. Gee ons van U goedheid en genade. Vergewe ons ons sondes. En laat ons deur hierdie komende jaar lewe, O Here God, met 'n ondervinding, dat ons U ontmoet het en ons lewens verander is. Skenk dit, Here. Vergewe ons ons tekortkominge. Plaas U Heilige Gees binne— in ons. Lei ons en begelei ons.

101 Vader, God, hier is 1960, wat voor my lê. En daar is geleenthede vir 'n wêreldwye byeenkoms, waar dit lyk asof selfs tiene van duisende maal duisende, en duisende en duisende van rou ongelowiges, of van heidene, ensovoorts, na U mag kom. O Here God, met U Gees in my hart, staan ek voor U altaar, vanaand, en staan voor U, en sê: "Help my, O God. My hart brand met ywer. Ek het U lief, Here. Ek gee myself aan U, in diens. Lei my enige plek waarnatoe U my wil lei. Stuur my enige plek waarnatoe U my wil stuur, Here. Spreek net, en ek sal gaan.

102 Seën my kerk. Seën Broer Neville. Seën al die mense hier, die vreemdelinge in ons poorte. En hierdie pastore wat sal spreek, keer op keer, aan deur die aand, bid ek, God, dat U hulle bediening sal seën. Seën Broer Neville. Seën Broer Junie Jackson. Broer Beeler, al hierdie ander predikers, seën hulle, Vader. Gee ons 'n groot jaar in 1960.

103 Ons, Here, wat weet dat ons U ontmoet het, van aangesig tot aangesig, en weet wat dit beteken om wedergebore te wees uit

U Gees, gee ons van U Ewige genade, om U te dien. In Jesus se Naam bid ons. Amen.

104 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] 1960, moenie laat dit wees, dat: "Ek het 'n nuwe bladsy omgeblaai," nie. Moenie laat dit wees, dat: "Ek probeer 'n nuwe lewe begin," nie. Maar laat dit wees, dat: "Ek het God ontmoet, en van daardie tyd af, daardie tyd af aan, het ek vrede gehad wat verstand te bowe gaan. Ek het onuitspreeklike blydskap gehad, en vol heerlikheid. Ek het 'n bevrediging gehad. Selfs al sou die dood na my kom, sal ek in die arms van God wees, minuut nadat my laaste asem ingetrek is. Maak nie saak wat kom of gaan nie!

105 Laat hulle haar opblaas, Sondagaand, as hulle wil. Hulle wil, die bom sal nie klaar gebars het voordat ons in die Heerlikheid saam met Hom is nie. Amen. Daar's niks wat ons kan skaad nie. Halleluja!

106 Ek is so bly ek het God ontmoet. Ek is so bly ek kan sê: "Van daardie tyd af." Pen dit vas tot daardie plek! "Toe ek God ontmoet het, het iets met my gebeur. Ek was verander, van daardie oomblik af. Ek is verander, sedertdien." Ek is so bly om op hierdie pad te wees, vanaand, as 'n getuienis tot die Heerlikheid en die Krag van God. 'n Klein ou iets hierbuite, en God het daar afgekom en my Sy genade gegee, en my gered, en my genees, en my gevul met Sy Gees. En my Sy Evangelie laat preek, wat die grootste eer is wat daar in die wêreld is. Van daardie tyd af, tot hierdie tyd, het ek nooit een berou gehad nie. Maar ek was dankbaar, al hierdie dae, en sal wees, tot in alle Ewigheid, dat ek God ontmoet het.

God seën julle. Goed, Broer Neville.

En Van Toe Af AFR59-1231
(And From That Time)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Donderdagaand, 31 Desember, 1959, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2002 deur:

AFRIKAANS

©2002 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org